VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Sondag:	Veronique Muller, Nina van Greunen, Arlia Visser.
Maandag:	Eugene Boonzaaier, Adél Dorfling, Celeste Fouché, Annie Jooste, Anna Rossouw, Werner Willers.
Dinsdag:	Zetske Deetlefs, Jeanette Fouché, Gerda Geldenhuys, Martinique Hendriks, Karin Rautenbach, Nicolas van der Merwe, Nicolas van Rooyen, Trudie van der Westhuizen.
Woensdag:	Annamarie Brand, Dawie Kriel, Tayla Malherbe, Ansie Nieuwoudt, Stiaan van Zyl.
Donderdag:	Ray Badenhorst.
Vrydag:	Elmarié J van Rensburg, Nolla Prinsloo, Petro Samuel, Lara van Wyk, Heidi van Wyk.
Saterdag:	Retha Oberholzer, Christian Schwabe.

Carel van der Merwe - Beursfonds

Ons gemeente beskik oor 'n klein beursfonds vir gemeente-kinders vir voorgraadse studies.
Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en op die webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2025 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor **ingehandig word voor/op *24 Februarie 2025*.**

Skakel gerus in by 'n Bybelstudie– of Omgeegroep

Daar is verskeie geleenthede om saam met mede-gelowiges die Bybel te lees en daarin te delf, en enigeen is meer as welkom om daarby in te skakel. Daar is altyd 'n oop stoel vir iemand nuut!!
Op Woensdagoggende lees ons hierdie kwartaal die boek Ester, en op Dinsdagaande die boek Openbaring.
Daar is ook ander Bybelstudie– en Omgeegroepe in die gemeente. Kontak gerus die kantoor of een van die dominees as jy daarby wil inskakel.

Leraars: Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Direkte Erediens-uitsendings: **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
Potgooi: https://bit.ly/3SXY7FI

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 9 FEBRUARIE 2025

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

Vandag is die **vyfde Sondag na Epifanie**

09:00: SAMANTHA CHAMBERLAIN
SKRIFLESING: JOHANNES 3:1-21
TEMA: SO LIEF...

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

*5 Februarie: **BIDDAG VIR OPVOEDING & ONDERWYS***

Heer, ons God.
Dankie vir die kosbare gawe van kennis en onderrig. Ons loof U vir elke opvoeder wat met liefde, geduld en toewyding werk om ander te lei en te leer.
Ons bid vir die kinders wat nie toegang het tot onderwys nie. Mag U 'n pad vir hulle oopmaak, dat hulle die geleenthede sal kry wat hulle nodig het om te groei, te leer en hul volle potensiaal te bereik. Verlig die harte van regerings en gemeenskappe sodat hulle die reg op onderwys vir elke kind kan bewaarheid.
Heer, ons bid ook vir elke opvoeder, van onderwysers tot administratiewe personeel. Gee vir hulle die krag, wysheid en deernis wat nodig is om in 'n uitdagende omgewing te werk. Mag hulle nie moed opgee nie, maar altyd gemotiveer wees om die lewens van die kinders wat hulle dien, te verander.
Ons bid vir diegene wat armoede, oorlog of ander uitdagings ondervind wat hulle weerhou om te leer. Mag U voorsiening maak, en hulle die geleenthede gee om te floreer.
Mag ons elke dag weer besef hoe waardevol onderwys is, en mag ons altyd probeer om dit te deel en beskikbaar te stel vir almal.
In Jesus se Naam bid ons,
Amen.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Vandag se deuroffer: **Jeug**

Elke ouer se lewe draai om hulle kinders en hulle ontsien geen moeite of koste om die heel beste geleenthede vir hulle kinders te bied nie. Dieselfde geld vir die gemeente. Die gemeente se kinders is haar alles!! Ons wil alles wat moontlik is doen om hulle te help om as dissipels van Jesus te dink en te doen en te kies.

Ons gebruik vanjaar nuwe kategese-materiaal en gaan ook vroeg in April 'n kamp hou, waarheen kinders én ouers uitgenooi word. Vandag se deuroffer word aangewend vir hierdie twee projekte.

Volgende week se deuroffer: Barmhartigheid Bejaardes

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag:	10:00	Kom kuier saam (Familiekamer)
	19:00	Bybelstudie (Familiekamer) - Openbaring
Woensdag:	08:45	Bybelstudie (Familiekamer) - Ester
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke - Ester
	15:00	Diens by Lancelot

Kom kuier saam!

Ons eerste kuier-geleentheid van die jaar vind eerskomende Dinsdag, **11 Februarie**, plaas. Almal wat gedurende die dag kan so iets kan bywoon is welkom. Ons leer ken mekaar, luister na mekaar se kom-vandaan-stories en drink saam tee.

Stephan Durand gaan ons ook kortliks vertel van die stompneuskewers en wat hy doen om die bome te beskerm teen hierdie boom-vyande. Doen asseblief moeite om te kom, en bring jou vriende saam. Jy hoef nie vooraf te laat weet nie.

Mooiberge Bediening (Senior Lidmate)

Geleentheid om Bybelstudie te lei by Mount View.

As jy kans sien om een maal per maand (op 'n Donderdag 10:00) by Mount View 'n kort boodskap / Bybelstudie te hou - kontak asseblief vir ds Hennie (0828595646) of die kerkkantoor

Ons gaan weer braai -

Amal wat gedurende die dag kan saamkuier

Almal vir wie dit moontlik is om op 'n weeksdag 'n braai kan bywoon, word uitgenooi om hierdie kuierdag op **Donderdag 27 Februarie 2025** by te woon. Ons kuier lekker in die gemeentesentrum se tuin, leer nuwe mense ken, kuier met diegene wat ons reeds ken en eet heerlike braaivleis en slaaie.

- Ons vra dat gemeentelede ons asseblief sal help deur slaaie te maak. Laat weet die kerkkantoor as jy 'n aartappelslaai, mengelslaai of wortelslaai kan maak.
- Laat weet asseblief die kerkkantoor as jy die funksie gaan bywoon - voor / op Woensdag 19 Februarie.
- Die koste is R80 per persoon.
- As jy dalk iemand wil borg, kan jy ook die geld by die kantoor inbetaal, of elektronies met die verwysing "Skrikkelbraai borg".
- Moet asseblief nie dat die geld jou weghou van hierdie kuier nie. Gee net jou naam - iemand gaan graag die kuier vir jou skenk.
- Al wat jy hoef saam te bring, is iets om te drink, 'n,glas en dalk 'n stoel (as 'n kerkstoel te ongerieflik is) - die res word alles voorsien.

WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY HUIS ANDREW MURRAY DEUR 'N VOOGOUER VIR 'N SEUN TE WEES?

Wat behels dit om 'n voogouer te wees:

- R1500 per jaar (dit dek die seun se sakgeld, verjaardaggeskenk en 'n koek op sy verjaardag)
- Bywoning, indien moontlik, van 3 geleenthede:
  Ma & kind-oggend, bederf-ete by die Spur en die jaareind Kerspartytjie

Kontak vir Estelle vir verdere inligting: 061 073 8820